# a-hoo-ah!

**OKTOBER 2022** **OCTOBER 2022**



**Make: 1967 Convertible Mustang** **Owner: Neil Stander**

**1971 Ford 20 M 3000 S Koepee** **Fanie Kerkohoff**

**POMC** Clubhouse: corner of Keuning Street and Fred Davey avenue, Silverton/Meyerspark, Pretoria

**POMK** Klubhuis: hoek van Keuningstraat en Fred Daveylaan, Silverton/Meyerspark, Pretoria

*GPS Co-ordinates for POMC: S25 44.159 E28 18.652*

Old Motor Club / Oumotorklub
PO Box 2014 / Posbus 2014
Silverton, 0127
www.pomc.co.za; www.pomccitp.co.za; www.facebook.com/POMCclub

## Klubvergaderings om 19:30 vir 20:00

POMC members meeting and braai are held at the POMC Clubhouse on 5 October 2022. For the rest of the year meetings are held on the 1st Wednesday evening of each month.

POMK lede vergadering en braai word op 5 Oktober 2022 gehou, en elke maand op die 1st Woensdagaand van die elke maand in die POMK se klubhuis .

Hennie Rautenbach sorg vir die braaivleis vuur vanaf 18h30



**WEDNESDAY MEETINGS, 2nd SUNDAYS & OTHER:**

| Woensdagaande | 2e Sondag | Ander |
|---|---|---|
| 12 January | 9 January Bonnets-up | |
| 2 February | 13 February Bonnets-up | |
| 2 March | 13 March American Classic Day & Mini Auto Pretoria | |
| 6 April | 10 April Vintage & Veteran Day Car & Bike Day | |
| 4 May | | 22 May Cars and bikes @ Loftus park |
| 1 Junie | 12 June British Classic Day & Mini Auto Pretoria | 2 July Mampoer Regularity Rally |
| 6 July | 10 July European Classic Day Car & Bike day | 24 July Cars on the ROOF @ Brooklyn Mall<br>31 July CARS IN THE PARK |
| 3 Aug | 7 August | 10-14 August Magnum Regularity Rally |
| 7 September | 11 September | ~~24 September Diamond Run~~ |
| 5 October | 9 October Spring day | ~~15 October Summer Regularity Rally~~ |
| 2 November - AGM | 13 November Japanese Classic Day & Mini Auto Pretoria | |
| 7 December | 11 December Cars & Bikes @ the Club | |

**Opinies in die NUUSBRIEF is nie noodwendig die siening van die komitee of die redakteur nie.**

**Alle lede word aangemoedig om 'n motor verwante artikel/nuuswaardigheid aan te stuur vir plasings moontlikheid na hannie@mailzone.co.za**

# POMK KOMITEE 2022 POMC COMMITTEE

| | | |
|---|---|---|
| **Voorsitter<br>Chairman** | **Christo Ferreira** | **082 779 5703 christo@blpta.co.za** |
| **Ondervoorsitter<br>Vice-Chairman** | **Frik Kraamwinkel** | **082 444 2954 frikkr@gmail.com** |
| **Sekretaris<br>Secretary** | **Taco Kamstra** | **082 770 8800 tacokamstra@gmail.com** |
| **Pretritte<br>Funruns** | **Mario Coetzee** | **084 517 4680 mario@mariocoetzee.co.za** |
| **Projekbestuurder<br>Project Manager** | **Frik Kraamwinkel** | **082 444 2954 frikkr@gmail.com** |
| **Batebestuurder<br>Asset Manager** | **Danie du Plessis** | **083 676 0130 carlpen@mweb.co.za** |
| **Tydrenbeampte<br>Rally Official** | **Claude Stander** | **082 570 2498 claude@stander2.co.za** |
| **Dateringsbeampte<br>Dating Official** | **Craig Jeannes** | **082 439 5902 craig.cars@hotmail.com** |
| **Koördineerder:<br>2e Sondagbyeenkomste<br>Coordinator:<br>2nd Sunday Meetings** | | |
| **Nuwe komitee lid:<br>New committee member:** | **Neil Stander** | **082 780 5333 neil@stander-za.com** |
| **Tesourier :<br>Treasurer:** | **Kobus Ebersohn** | **082 366 2364 kobus@ebersohn.co.za** |
| **a-hoo-ah! Compiler<br>a-hoo-ah! Samesteller** | **Hannie Kuschke** | **072 242 8880 hannie@mailzone.co.za** |




2022
OUMOTORKLUB • OLD MOTOR CLUB • PRETORIA
Bonnets-up
13 February
@ POMC Clubhouse
AMERICAN Classic
Car and Bike Day
plus Mini Auto Pretoria
13 March
@ POMC Clubhouse
VINTAGE & VETERAN
Car and Bike Day
10 April
@ POMC Clubhouse
CARS at Loftus Park
22 May
@ LOFTUS PARK
Arcadia
MAMPOER Regularity Rally
4 June
Start: Willem Prinsloo Museum
Finish: Willem Prinsloo Museum
BRITISH Classic
Car and Bike Day
plus Mini Auto Pretoria
12 June
@ POMC Clubhouse
EUROPEAN Classic
Car and Bike Day
10 July
@ POMC Clubhouse
Pretoria Old Motor Club
home for enthusiasts
interested in the preservation
of older vehicles
since 1966
POMC Clubhouse
c/o Keuning street & Fred Davey avenue
Silverton
Info: www.pomc.co.za
www.facebook.com/POMCclub
082 770 8800 / 082 444 2954
CARS on the ROOF
24 July
@ Brooklyn Mall
PRETORIA OLD MOTOR CLUB
CARS in the PARK
40 year celebration
31 July
@ Zwartkops Race Track
Cars & Bikes @ the Club
11 December
@ POMC Clubhouse
JAPANESE Classic
Car and Bike Day
plus Mini Auto Pretoria
13 November
@ POMC Clubhouse
SUMMER Regularity Rally
15 October
Start: Zwartkops Race Track
Finish: Zwartkops Race Track
SPRING DAY FESTIVAL
classic cars, bikes, trucks,
stationary engine and super car day
9 October
@ POMC Clubhouse
MAGNUM
Regularity Rally
10TH to 14TH August
Hotel Numbi & Garden Suites
Hazyview
Mpumalanga
POMC DIAMOND RUN
24 September
Start: POMC Clubhouse
Finish: The Art of Silver
Cullinan
FCK fotos


creations
1170 MOULTON CENTRE SHOP 5B CNR CODONIA & MOULTON AVE
WAVERLEY, PRETORIA
connie@creationsprint.co.za
084 548 4479
Ons is tot ALLES in staat deur
CHRISTUS wat ons KRAG gee - FIL 4:13
Connie Theron
PRINTING
SIGNAGE
BANNERS
STICKERS
MAGNETS
AND MORE

## FROM THE DRIVER'S SEAT………..
## UIT DIE BESTUURSSITPLEK..........

Tydens ons afgelope maand vergadering op 7 September het Taco Kamstra vir ons sy "Highwheeler" kom tentoonstel, en het hy vir ons meer oor die geskiedenis van hierdie voertuie, en veral die elektriesaangedrewe modelle vertel. Dit was 'n baie interessante aand gewees. Dit was lekker om sy passie vir hierdie voertuie waar te neem.

Ons volgende maand vergadering vind plaas op 5 Oktober. FC Buys sal vir ons hulle 1966 Chev Impala vertoon en meer vertel omtrent die restorasie proses van die motor.

Our "Second Sunday" event on 11 September was a normal "Cars and Bike Social" and quite a number of members attended and enjoyed the braai and social meeting.

Our next "Second Sunday" on 9 October is the "Spring Day Festival" for classic cars, bikes, trucks, stationary engines and super cars.

Dan sien alle loslig motor eienaars ook weer uit na die "Jakaranda Loslig Rit" deur die strate van Pretoria op Sondag 30 Oktober. Emil Kuschke, wat dit reël, sal nader aan die tyd meer inligting deurgee.

Die SAVVA Jaarvergadering het op Saterdag 10 September 2022 plaasgevind. Dit was hierdie jaar aangebied deur die Queenstown Outomobile Club. Dit is terloops die oudste oumotorklub in die land. Lede kom ook van al die omliggende dorpe en omgewing.

Giel Bester (voorsitter) en sy span het hulle uitstekend van hul taak gekwyt om dit vir ons 'n aangename naweek te maak en dit was opvallend om die postiewe gees onder hulle lede waar te neem. Ons het ook die voorreg gehad om heelwat van die lede se motors te sien wat die Sondagoggend op 'n rally vertrek het.

The meeting was both physically and virtually represented by clubs from all over the country, which was an interesting experience and well organized. Our club was represented by Claude Stander and myself. Our motion, which we put forward to change the Constitution to revert back to a 20 year old roll-on method for cars qualifying to be eligible to compete in SAVVA events, unfortunately did not succeed by a very small margin. We needed a 66% of the votes to succeed but only obtained 65%.

Claude en ek het saam met Emil Kuschke, wat die Model T Ford klub verteenwoordig gery, en het 'n aangename gesellige rit beleef.

Ons herinner graag ons lede vroegtydig aan die Algemene Jaar vergadering wat op 2 November 2022 sal plaasvind.

Wat lief en leed betref het ek niks spesifiek om te rapporteer nie. Ons hoop dus dit gaan goed met almal. As daar dalk iemand is waarvan ek nie bewus is nie, en wie ook moeilike tye beleef, wil ek julle graag alles van die beste toewens.

Bly veilig en gesond. Onthou asseblief om vir Hannie, wat baie moeite doen met ons Nuusbrief, artikels en ander nuuswaardighede deur te stuur.

Daarmee groet ek tot volgende maand.

POMK Groete

Christo Ferreira

# NOTICE OF THE AGM 2022

The 2022 AGM will take place on 2 November 2022 at 20:00 at the POMC clubhouse.

Any nominations for members to serve on the committee can be nominated through the nomination channel. Please email the secretary, Taco Kamstra, tacokamstra@gmail.com.

## PRETORIA OUMOTORKLUB PRETORIA OLD MOTOR CLUB

### PRETORIA OLD MOTOR CLUB - NOMINATIONS FOR THE 2022/23 COMMITTEE
### PRETORIA OU MOTOR KLUB - NOMINASIES VIR DIE 2022/23 KOMITEE

Nominations* of POMC members to serve on the POMC Committee are to be provided to the Club Secretary, Taco Kamstra (tacokamstra@gmail.com) not later than on 20 October 2022.
Nominasies* van POMK lede om op die POMK Komitee te dien, moet nie later as op 20 Oktober 2022 aan die Klubsekretaris Taco Kamstra (tacokamstra@gmail.com) besorg word nie.

| Nominee/Genomineerde | | | Nominator/Nomineerder | | | Seconder/Sekondant | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Name | Member no | Signature | Name | Member no | Signature | Name | Member no | Signature |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |

*Persons nominating, nominated and seconding must be paid-up POMC members.
*Nomineerders, genomineerdes en sekondante moet opbetaalde POMK lede wees.

## UPCOMING EVENTS




# Cape Vintage Motorcycle Club

Fairest Cape Tour

**SAVVA National 35th Fairest Cape Tour**

**6th, 7th & 8th November 2022**

**Contact:** Eddie Kirkwood (Event Secretary), Fairest Cape Tour

021 7122934 082 5684913

## MONTH EVENTS:

### POMC Cars at the Club September 2022

After there was no second Sunday event at the Pretoria Old Motor Club (POMC) in August, the club held a Cars at the Club event on the 11th of September 2022.



There was no specific theme; therefore, cars from all countries and eras could be displayed, but the turnout was lower than expected. However, there were a few interesting cars on display. Before the Japanese manufacturers became popular, American pick-ups were top sellers, especially the Chevrolet 3100 of the 1950's. These have become a rare sight on South African roads but a few are still around. One of them, owned by Jaco Fischer, was bought at the end of 1955 and registered in 1956. It was bought in Windhoek in Namibia but stood on a farm in Carolina for many years before being restored in 1996/7. It is still in an original condition.

In 1955, the MGA was introduced as a replacement for the classic T-Series. It was a completely new and more modern car which shared its mechanical components with the Magnette sedan. The MG club recently held an event at the POMC premises and Ian Greyling's 1958 MGA won a first prize at that event. It was also on display at the POMC event; it took almost four years for this car to be restored to its original condition.






In 1985, Toyota introduced two models to its then-new Corolla range that were ahead of their time and set new standards in their market segment. The GLi Sprinter and Avante Twincam 16 models had engines with twin overhead camshafts and four valves per cylinder and the former model became South Africa's first Car of the Year in 1986. In the same year the range was facelifted. Pieter Mostert's GLi Avante is one of the facelifted models and was manufactured inn 1987. However, he has made a few changes; the exterior colour has been changed, larger brake discs were fitted in the ints system and fitted new camshafts. The front side indicators were changed to those originally fitted to the Nissan Skyline.



The Porsche 944 is a popular car among POMC members and there are several of them in the club. One of them is an import from the United Kingdom. Paul du Plessis has owned his 1984 model for about ten years and it has only done 73 000 miles. His car has not been fitted with the optional power steering.

Johnny Gous is not only a POMC member but he is also a member of the classic car club Van toeka tot nou. One of his classic cars is a 1981 Mercedes-Benz 380 SE, one of the first W 126 models to be manufactured in South Africa. It has two factory-fitted optional extras; an electric sunroof and alloy wheels. Johnny has owned his car, which has not been restored, for two years.







The Mercedes-Benz W 114/115, also known as the New Generation, was on the market from 1968 to 1977, and was a popular model range in South Africa. The 280 and 280 E were added to the range for the 1973 model year and later that year, the W 115, which was the facelifted model, was introduced. It featured ribbed tail lamps, a driver door mirror mounted further forward, head restraints and a four-spoke steering wheel while the front quarterlight windows were omitted. The flagship of that range was the 280 E Automatic. An immaculate version of this increasingly rare model was on display, but it was not possible to chat to the owner.

Pieter Kuhn is another club member who owns a few classic cars and his 1965 Ford Galaxie 500 is on display regularly. However, he added another Galaxie to his collection two months ago. His 1967 model Galaxie LTD is in an immaculate condition even though it has never been restored. It was the last Galaxie on the South African market fitted with the vertical headlamps similar to those of the 1970-72 Ford Fairlane.





The Toyota Celica was never officially introduced to South Africa, but a few made it to South Africa. One of them was a 1990 Celica GT-Four; a four-wheel drive model based on the version used for the World Rally Championship. Gideon Scheepers has owned this car, which was imported to South Africa from Botswana, for about two years. The previous owner of this car was Mickey Harris.

The next event at the POMC premises will be the display of cars with air-cooled engines on the 2nd of October and The Spring Festival for cars, bikes, trucks and stationary engines on 9 October.



# MERCEDES BENZ CONCOURSE 10 & 11 SEPTEMBER 2022


- *Opgestel deur Doeke Tromp*

Die Mercedes Benz Klub van SA het na twee jaar weer ‘n nasionale  Concourse aangebied. Dit was, soos voorheen, by die Sandown MB agentskap in Sandton wat uitstekend daarvoor geskik is weens die groot vertoonlokaal.






Daar is ook baie hysers in die werkswinkel om die motors van onder te bekyk.



‘n Ander uniekheid is dat kliënte deur die vertoonlokaal se glasvloer na hul motors in die werkswinkel kan kyk.

Mercedes Benze vanoor die hele land is uitgenooi om deel te neem. Museumstukke op sleepwaens is verwelkom, maar moet op eie krag by die beoordelingslokaal uitkom en kan nie ingestoot word nie.



Daar was ‘n pasiewe uitstalling van ‘n volledige reeks modelle vanaf 1945 tot vandag, nl.

Spectacle Spéciale = Geen beoordeling, slegs uitstalling van besondere motors. Zach Marques se Ponton was deel daarvan.




Die Concourse kompetisie bestaan uit 2 kategorië, nl.

- d’Etat = Volledige beoordeling van die motor, insluitend die enjin en onderstel

- d’Elegance = Buitekant en binnekant, insluitend die kattebak.





Ek het vir die d'Elegance ingeskryf omdat ek nie geriewe het om my motor se onderstel perfek te kry soos ander  nie.

Binne die d'Elegance is daar weer 4 katagorië, nl.

- Pre-war
- Oldtimer
  = 1945-1970
- Youngtimer
  = 1971-2000
- Newtimer
  = 2001 tot vandag




Ek het as Oldtimer deelgeneem en die tweede plek daarin behaal met my 1958 Mercedes Benz 219.



Mercedes-Benz Club of South Africa

Certificate

This is to certify that

1958 219

belonging to

Doeke Tromp

has been awarded

2nd Place

Concours d'Elegance

Class Oldtimer

at the National Concours 2022

held at Mercedes-Benz Sandton Ninety II Rivonia Road

on 10 – 11 September 2022

PRESIDENT

Afgesien van die Concourse kompetisie, moes alle uitstallers 'n voordrag gee oor die geskiedenis van hul motor.



Aangesien die kompetisie oor twee dae was, het die MBCSA alle verversings geborg asook 'n aandete by die Tiger Milk Restaurant in Bryanston.

Dit was lekker om weer met mekaar te verkeer en die motors te bewonder na 'n afwesigheid van twee jaar!

# TWK VERSEKERING 2022 SAVVA NASIONALE TOER

# VIR VETERAAN- EN NOAGMOTORS

## Gariepdam 18 – 22 September 2022

- *Emil Kuschke*

Die groot opgewondenheid na maande se beplanning het op Saterdag 17 September 2022 'n werklikheid geword, toe van die deelnemers reeds een dag vroeër by die Gariepdam opgedaag het vir die toer.

Die amptelike verrigtinge het met 'n groot geknal op Sondagmiddag afgeskop met die aankoms van al die ander deelnemers van so ver as Kaapstad en Pietersburg.



Die Model T Ford Klub van Suid Afrika, die organiseerders van die ***TWK Versekering SAVVA Nasionale toer*** was baie verras met die aantal inskrywings vir die toer…. Vyf en dertig inskrywings, wat ook ses motorfietse ingesluit het. Die kriteria vir inskrywings was: Motors, vervaardig voor 31 Desember 1930 en motorfietse, vervaardig voor 31 Desember 1936. (DJ Motorfietse)

Die oudste motors wat deelgeneem het was drie 1911 Model T Fords, en die oudste motorfiets was 'n 1925 Indian Scout. Die Indian se baas was Bill Lance.

Met die eerste ligstrale wat Maandagoggend op die dam se water geval het, het ieder en elk besef dat dit 'n dag met GROOT uitdagings gaan wees… Moeder natuur het besluit dat dit 'n dag van reën, wind en baie koue gaan wees!!

Na ontbyt, en die amptelike foto-sessie, is die neuse van die motors/ motofietse in die rigting van Bethulie gerig. By die Kuilsfontein plaasstal is lekker gekuier en is die innerlike ook met iets warms verstek. Die roete het die deelnemers na die **OU KAR PUB EN GRILL** in Bethulie geneem vir middag-ete. Daar was nog geen verandering in die weersomstandighede nie … bibber koud en nat. Na ongeveer 185 km is ons weer tuis by die Gariep Forever Resort vir aandete en 'n heerlike kuier met ou vriende.



Dag twee neem die deelnemers na die ***de Stijl Hotel*** vir ontbyt …. Geen verandering in die weerstoestande nie. Seker een van die koudste dae wat ek in 'n Model T beleef het! Vanuit die eetvertrek in die de Stijl Hotel het ons die mooiste uitsig oor die dam en omgewing gehad en met dié mooi uitsig in ons gedagtes moes ons aanstoot. Die volgende stop - 'n toer in die Gariepdamwal.



Na baie trappies en moeë bene en 'n baie interessante lesing oor die ontwerp en konstruksie van die dam en sy wal, is ons oppad na Colesberg,



meer spesifiek na die bekende skrootwerf van Piet en Hannes Windpomp! Hier is Model T en Model A onderdele en ander oudhede nog volop te sien tussen al die ander skatte in die skrootwerf.







Na heerlike koffie, boerebeskuit en 'n worsbroodjie en ja, ook 'n vuurtjie om ons weer warm te maak, is ons weer oppad…. Oppad na die baie mooi **Wachbank Lodge**, waai die wind so erg dat dit voel of my Model T Ford stilstaan. By Waschbank Lodge aangekom, word ons verras met ietsie om die koue te verjaag.



Na ongeveer 100 km is ons weer terug by Gariep Forever Resort vir aandete en 'n heerlike kuier-

aand, met die hoop dat Woensdag die perfekte dag vir ons toer sal wees.

Dag drie breek aan en 'n amper perfekte dag wag op ons … Die tydren-groep se roete neem die deelnemers van die Gariep Forever Resort na Vensterstad oor die D H Steyn brug net voor Bethulie. Hier het Trudie, 'n plaaslike inwoner van Bethulie, ons alles vertel van Bethulie en sy geskiedenis. Trudie is ook die privaat eienaar van die Bethulie museum. Trudie het ook 'n baie leersame lesing by die Kampkerkhof gegee oor die konsentrasiekamp wat in Butulie was. Na 'n baie indrukwekkende middagete by die plaaslike hotel in Bethulie waar daar 'n versameling van duisende boeke en ou langspeelplate is, durf ons weer die pad na Gariep Forever Resort aan.



By Gariep aangekom haas ons na die Bootklub waar ons op 'n "sundowner cruise" gaan … wat 'n belewenis!!





Die toer word afgesluit met die prysuitdelingsfunksie. Tydens die prysuitdelingsfunksie het die deelnemers almal volgens hulle motor se ouderdom periode korrek aangetrek. Dankbaar en tevrede, maar tog ook so 'n klein bietjie hartseer dat alles verby is, vertrek die deelnemers Donderdagoggend met baie goeie herinneringe van die ***TWK Versekering SAVVA Nasionale toer.***



# The Heidelberg Great Train race

## 24 September

- *Taco Kamstra*

Soos baie van ons lede sal weet was dit die Heidelberg "Great train race" op 24 September.

**INLEIDING:** (vir die van julle wat eintlik net meer wil weet oor die byeenkoms, gaan deur tot by "Die Groot dag")

Chris Van, die organiseerder het my maande voor die tyd al genooi en gevra watter "Pre war" motor ek soentoe kan vat. Hy het Jurjen met sy highwheeler in elk geval ook uitgenooi. Ek het hom daaraan herinner dat Jurjen se highwheeler eintlik 'n replika is en dat dit dalk nie in almal se smaak sal val nie. Maar Chris het aangedring op Jurjen se highwheeler. Ek het aangebied om my 1928 Pontiac na die byeenkoms te vat. Tydens Cars in the Park loop ek Chris toe weer raak en soos baie lede sal weet het ek die jaar met my elektriese highweeler daar rondgery. Toe Chris die highwheeler/perdekar-kruising (baster?) van my sien sê hy vir my dat ek eerder die highwheeler moet vat in plaas van die Pontiac. Ek wys hom toe op die punt dat dit ook eintlik maar 'n replika is, alhoewel die perdekar wat ek verander het na 'n highwheeler wel 'n oorspronklike 1910 model is.



Dus, so het dit begin- ons moes planne maak om ons highwheelers in Heidelberg te kry. Voor Cars in the Park het ek vir 2 dae die Kragdag by Diamondhill met my highwheeler bygewoon en daar is ek toe genooi vir 'n onderhoud oor my highwheeler op Pretoria FM. Nou sal julle dadelik dink wat het dit met die Heidelberg Great Train race te doen. Maar tydens my onderhoud het die aanbieder my gevra hoekom ek my highwheeler elektries gemaak het- en na 'n lang verduideliking sê ek toe onder andere dat ek eerder 'n elektriese highwheeler wou bou (want hulle het bestaan vanaf 1880) as wat ek 'n highwheeler sou bou wat soos 'n motorfiets klink. Dit moet ten minste 'n ou, lae revolusie engine wees. Dit was 'n fout. 'n Groot fout. Want Jurjen se highwjeeler het op daardie stadium nog 'n motorfiets engine in gehad. Toe ek dit se besef ek

dadelik ek moes dit nie gesê het nie. Maar dit was op radio. Lewendig. Kon nie “rewind” nie. Die uitlating het Jurjen net daar laat besluit om ’n ouer tipe engine in sy highwheeler in te bou. Meeste highwheelers het “flat twins” of om ’n mooier term te gebruik “air cooled vertically opposed twin cylinder” engines gehad. En Jurjen het 2 sulke engines gehad. Hy het die Maandag dadelik sy motorfiets engine uitgehaal en begin kopkrap hoe hy die nuwe engine kan inbou. Nou ja, ek moet eintlik ’n artikel skryf oor die Heidelberg Great Train Race skryf, dus ek sal nie in verdere detail ingaan nie. Maar Jurjen het toe sy “flat twin” suksesvol ingebou. Maar tyd vir uitgebreide toetsritte was daar nie.

Intussen sit ek en wonder of die stel batterye (vier “deep cycle” batterye) sal hou vir die afstand wat ons moet ry. Ek was redelik seker dit sou, want ek het tydens Cars in the Park 17 kilometer gery en die dag voor Cars in the Park 14 Kilometer. Die afstand wat ons van die vliegveld na die stasie en terug moes ry was 7 kilometer. Dus, niks om oor bekommerd te wees nie. Maar die Maandag voor die byeenkoms redeneer ek myself in die moeilikheid in- ek gaan tog bele in ’n nuwe stel batterye. Iets wat ek al vir maande oor gesit en peins het. Die plan was om ’n paar los goed te verkoop en dan die batterye te koop. Maar prioriteite verander en ek koop ’n nuwe stel batterye vir R17250. Die kredietkaart moes maar sy werk doen.

Die volgende gedeelte van die storie is die voorbereiding. Ons het gehoor daar is badkamers by die vliegveld en ons besluit om daar vir die nag te kampeer. Die alternatief sou wees dat ons BAIE vroeg sou moes ry om bestyds te wees om 8 uur by die versamelpunt te moet wees met ons ou karre. Ek probeer nou dink wanneer ek vir die laaste keer kampeer het. Ek kan nie eers onthou nie. Maar dit is langer as 10 jaar gelede. En dit is nie meer dieselfde opwinding om te kampeer as wat dit was toe ek nog ’n jong man was nie. Dit verg ook baie beplanning, wat gaan ons alles nodig kry en wat moet ons saamvat. Ek dink volgende keer sal ek waarskynlik maar net eenvoudig baie vroeg ry. Dit is definitief minder moeite. Nog ’n interessante besluit wat Jurjen toe maak is dat hy sy karavaan (vir die wat nie weet nie: Jurjen se highwheeler word gebere in sy karavaan- dit is dus sy garage asook sy sleepwa vir die highwheeler) gaan sleep met sy 1970 Mercedes 508D bus. Hy het al voorheen met die Chevrolet Kommando, asook sy splitscreen Kombi gesleep. Maar die twee karre is nie ideale sleepvoertuie nie. Dus, Jurjen moes toe nou eers ‘n “tow bar” aan sy bus prakseer.



Uiteindelik, na al die harde werk en voorbereiding is ons reg om te vertrek, die Vrydagmiddag teen so 1 uur se kant. My Kombi en sleepwa staan in die pad met die highwheeler en ek loop vir oulaas na my huis om die agterdeur te sluit. Terwyl ek terugloop sien ek daar lê water onder my Kombi.  Jurjen het dadelik sy overall baadjie aan en kyk waar die lek vandaan kom. Hy vind dit gou genoeg. Op een van die pype wat van die engine na die radiator vorentoe loop. Die water val ongeveer 60cm van die lek op die grond, dus ek sou nie sommer daai lek gevind het nie. Jurjen het dadelik alles wat nodig is om die lek reg te maak byderhand en binne 10 minute is ons reg om in die pad te val. Ek gooi toe water in die watertenk. Maar die Kombi het twee watertenks en ek het nooit geweet dat die boonste een heeltemaal vol moet wees nie. Dus, ons trek daar weg, maar die rooi liggie wat my moet waarsku dat die engine oorverhit of dat daar te min water in die sisteem is bly flikker. In Sunnyside is die Kombi se engine behoo rlik warm. Ons wag so 15 minute en kan uiteindelik die prop oopmaak en ons gooi etlike liters water in. Van daar af was alles reg. Ons is op die snelweg en ons begin maar op ’n lae spoed sleep. Ek weet dat die vier batterye wat 38 kilogram elke weeg en wat agter die sleepwa-as is en redelik hoog in die highwheeler is, glad nie goed is vir stabiliteit nie. En vinnig kom ek agter dat my vermoede reg was. Ek kan niks bo 80 kmpu kom nie, dan begin die sleepwa “swing”. Hierdie is natuurlik ’n onderwerp waaroor baie mense al debatte gevoer het, maar ek het na baie jare se geslepery agtergekom dat dit nie goeie raad is om dan meer petrol te gee en die kombinasie te probeer reg trek nie. Glo my, dit werk nie. ’n Mens wil so gou as moontlik op ’n veilige spoed kom waar die kombinasie meer stabiel is. In my geval was dit 65 kmpu. Dus, teen my verwagting in, trek Jurjen met sy ou bus met die karavaan en highwheeler binne onder my uit. Uit ondervinding het ek ook geleer dat ’n kombinasie ook makliker onstabiel raak teen ’n afdraande. Dus, teen die afdraande ry ek 65-70 kmpu. Teen die bulte op 80 kmpu. Nog steeds kry ek Jurjen nie gevang nie. Maar ons het sonder enige verdere voorvalle Heidelberg bereik. Ek gaan nou nie verder uitbrei oor die kampeerdery nie...



Nou goed, dit was dan my inleiding van my storie.



**Die Groot dag**

Ons het die oggend nog steeds vroeg opgestaan. Ek wou nog my sleepwa (wat dan ook my stalletjie was) op die uitstal terrein sit, so daar was nog ’n paar goedjies om te doen. Intussen het Bob Bouwmeester en sy vrou Ilse by ons aangesluit, ook mooi uitgedos in outydse klere. En met KOFFIE en MUFFINS. Groot muffins. Dus, ons was geholpe met ’n lekker ontbyt. Ons het vertrek na die versamelpunt en as ek reg onthou was daar 42 “pre war” karre wat daar bymekaar gekom het. Eerste keer dat ek so ver op ’n teerpad met my highwheeler ry en met die tiller in my hand teen topspoed verg dit redelike konsentrasie om die kontrepsie in die pad te hou. Eintlik oordryf ek. Die highwheeler met tiller en al ry eintlik baie lekker en gemaklik.



Op pad kon ons die stoomtrein sien staan, reg om met ons die trajek van so 350 meter af te lê. As ek reg onthou het die stoomtrein stiptelik om 8h30 aangekom en ons het langs die stoomtrein met al ons ou karre gery. Wat ’n belewenis. Dan was daar ook nog ou vliegtuie wat intussen oor ons gevlieg het. Ek het verwag ons sou op die platform bly staan om fotos te neem, maar daar word toe vir ons gewys dat ons moet deur ry. Ek het later vir Chris genoem dat dit eintlik my verwagting was om op die platform te bly staan om fotos te neem en volgens Chris was dit die bedoeling, maar êrens het die kommunikasie nie reg deurgekom nie. Op pad terug het mede POMK-lid, Graham Blackbeard, voor gery met sy Bentley, terug na die vliegveld. Ek was verbaas dat ek kon byhou met my elektriese highwheeler. Click gerus op die link van ’n paar videos wat Hannie Kuschke vanuit hulle model T Ford geneem het:

https://www.youtube.com/shorts/qQIbn-3JDTU

https://www.youtube.com/shorts/d9YKzZKQ-BE

By die vliegveld was daar alreeds heelwat mense en ander ou motors. Die vorige jaar het meeste ou motors saam met die stoomlokomotief gery, maar dit het chaos veroorsaak. Dus, net die “pre-war” motors het die jaar gie geleendheid hiervoor gekry.

Daar was genoeg stalletjies en ’n klomp ou motors wat ek nog nie voorheen gesien het nie. Dit is die lekkerte van ’n oukar skou verder van Pretoria af. Mens sien weer ander ou motors en ontmoet nuwe vriende. Nog ’n POMK lid, Emil Kuschke en sy vrou Hannie was daar met hulle “nuwe” T Ford tourer. Emil het die T Ford restaureer net betyds om die T Ford toer by die Gariepdam te kan meemaak (die regte naam van die toer is die TWK Versekeraars 2022 SAVVA Tour) . Hulle het die Vrydag weer in Pretoria aangekom en Saterdag was hulle in Heidelberg. Ek dink meeste van ons sou by die huis gebly het om te rus, maar die Kuschkes laat hulle nie afskrik nie.

Nog ’n mooi video van die “nuwe” Kuschke model T:

https://www.youtube.com/shorts/0oPDLNHPSPo







**NABETRAGTING:**



Aangesien Jurjen vir omtrent een week nie geld kon verdien het as gevolg van die werk wat hy aan sy highwheeler gedoen het en ek wat groot onkostes aangegaan het met my nuwe batterye, het ons besluit om ritte met ons highwheelers aan te bied teen ’n betaling. Eintlik het Chris Van dit voorgestel. Dit was toe ’n oulike idee om die highwheelers kort kort deur die skares te sien ry. In ’n mate is ek spyt dat ons dit gedoen het. Want ek sou graag al die ander deelnemers en eienaars van die ou motorvoertuie wou ontmoet het. Maar aan die ander kant het Jurjen en ek baie mense gelukkig gemaak met ons ritte. Ons weet nou ten minste dat dit nie baie lonend is om ritte met ons highwheelers te doen nie.

Voordat ons vertrek het, het Jurjen en ek besluit om my highwheeler se batterye liewers uit te haal en in my Kombi te sit. Wat ’n goeie besluit! Ek kon ry so vinnig as wat ek wou. Absoluut geen “swing” opgetel nie. Ek was nog steeds verbaas hoe Jurjen se Mercedes bus die karavaan en die gewig van sy highwheeler so maklik gesleep het. Ons het ’n spoed van 80-100 kmpu gehandhaaf meeste van die tyd, Behalwe teen die opdraandes. Daar het Jurjen se bus bietjie gesukkel. Maar hy kon nog steeds sommige vragwaens verby vat.

Ons sou graag meer POMK lede daar wou gesien het. Maar ek het op die ander oumotorklubs se groepe ook gesien hoe daar gesoebat word dat hulle lede soentoe moet ry, maar net enkeles van die ander oumotor klubs het opgedaag. Dalk was dit bietjie ver (100 kilometer), of dalk was dit die vakansiedag op die Saterdag? Laat weet my gerus wat in julle pad gestaan het om by te woon, dan kyk ons of ons volgende jaar meer POMK lede by die byeenkoms kan kry.

# AIR-COOLED MOTOR SHOW – SUNDAY - 02 Oktober 2022

The 18th Air- Cooled Motor Show took place on Sunday 02 October 2022 at the POMC.

A very hot day with more than enough nice cars and friendly people.

Thank you for every exhibiter and spectator that made the event unforgettable.

See the November 2022 edition of the newsletter for a full report



















# Launch and delivery date for the long-anticipated publication – Kyalami Grand Prix Circuit – 60 Years of Memories announced.

**A large format coffee table style book of more than 500 pages covering the history and memories of 60 years of the history of the Kyalami Grand Prix Circuit will be launched at a book signing and hand over at a function on 4 November 2022 at the Kyalami Grand Prix Circuit. This date significantly representing the circuit's $61^{st}$ Birthday.**

The book, which covers the full 60 years of the circuit's history, including both international and local events, contains over 1500 images and 225 special "Kyalami Memories". It is only available, for the first print, on a pre-order basis. Both the Collector's Editions as well as he Publisher's Editions of the book are sold out with limited copies of the Standard Edition still available. The First Print has been limited to only 762 copies made up of 62 Collectors Editions, 200 Publishers Editions and 500 copies of the Standard Edition. A second print run will be announced after the 4 November launch.
This commemorative publication covers 60 years of international and local events hosted at the Circuit and makes use of many, previously unseen, images to illustrate its amazing history. Importantly, it additionally contains personal memories from great racing drivers and riders, officials, photographers, journalists, and numerous other personalities who have played a role in creating 60 Years of Motorsport Memories at this iconic venue.
The world-renowned Kyalami Grand Prix Circuit, situated between the major South African cities of Johannesburg and Pretoria, celebrated its $60^{th}$ Anniversary in 2021. The first race meeting took place at the then new circuit on 4 November 1961. The Circuit soon established itself as the premier motorsport venue in Southern Africa and became a firm favourite with international and local motor racing legends and their teams.
The first section of the book covers the 60 years of motorsport events staged at Kyalami. The story begins in November 1961 and ends with the 2021 Kyalami 9 Hour held in February 2022. Each year's motorsport activity at the Circuit and nationally, is summarised with the addition of period images and results of the international races and listings of the various South African circuit racing champions. This section of the book covers 120 pages.

The second section of the book details the races held at Kyalami from 1961 until 2022. Many of the hundreds of programme covers for these races are depicted in these 20 pages.

The third section of the book is dedicated to 60 Years of incredible images from numerous well-known local motorsport photographers including Gavin Stapleton, Malcolm Sampson, David Pearson (Motoprint.co.za), Roger Swan, Colin Watling, Woody Rodseth, Keith Doig, Johan Pretorius, Paul Blackburn, Eric Buijs, and Tony Alves. Over 1500 quality images cover various themes and the various formulae and categories that have competed at the circuit over the 60-year period. The images contain detailed captions that cover images taken on track, in the pits and of the competing drivers, riders and teams.

The fourth section of the book covers 60 years of Kyalami Memories. This section contains over 225 special memories received from race drivers, riders, officials, motoring media, photographers, sponsors, marshals, race fans and others that have played a role in the 60 Years of history at the Kyalami Grand Prix Circuit. This section of the book contains 120 pages of memories with over 250 quality images.

*"Since our announcement of the project we have been overwhelmed by the response from people who wanted to include their personal Kyalami memories in this landmark book. We have also been overwhelmed by the large number of great images sent to us and as a result the book has grown significantly in content and size. This in turn created more work for Editor Roger Houghton and Graphic Designer Chris Dawson. We have limited the number of First Print copies of the book in order to thank those people who committed to orders for the book very early on in the process and have remained patient in working with us on the delayed delivery date. Thanks to Toby Venter and the Kyalami Team for making Kyalami available on the special date for the unveiling and presentation of the final printed book. Further details will follow."* - **Denis Klopper**.

*"We had the opportunity to share the pre-print book with some motoring and motorsport personalities. We have included below their impressions of the upcoming book below. Some sample pages from the various sections of the book are also included."* - **Roger Houghton**.

*"It has been my privilege to contribute to such a rich slice of South African Motorsport history. This book is worthy of a place in every sports enthusiast's library. Our motorsport has a rich heritage which continues to manifest itself, on a global scale, to this day. In these pages Denis Klopper has brilliantly captured a legacy of which South Africans can be very proud."* - **Tony Alves**

*"60 Years of Memories is an amazing visually driven compendium of the events, cars, bikes, and characters that define the iconic Kyalami Grand Prix Circuit."* **- Dr Lance Vogel"**

*"Motorsport is universal. To have such a treasure trove of 60 Years of Kyalami history is a 'must have' publication. Its history is just as important as that about of other great circuits such as Monza."* **- Sasha Martinengo**

*"I have had the pleasure of being exposed to the content of the upcoming publication, 60 years of Kyalami Memories by Denis Klopper. It is a comprehensive, high-quality collection of amazing memories and photographs".* **- Paolo Cavalieri**

*"What a brilliant masterpiece. This is by far one of the best compilations about the Kyalami Grand Prix Circuit ever produced. Well thought out and put together for easy reference with hundreds of interesting photographs, articles and anecdotes. This glossy book covers the history of Kyalami, as well as providing memories from the many men and women who have been involved at the circuit."* **- Vaughn Obhlidal**

*"Having had the opportunity of paging through a proof copy of the outstanding book put together by Denis Klopper and his team, I believe that the effort deserves to be highly commended. I am confident that it will be enjoyed by all who are fortunate enough to secure a copy of this limited print book – 60 Years of Kyalami Memories"*
**- Arnold Chatz**


*"If ever there was a motorsport fan of note to write a book to celebrate 60 years of the history of the Kyalami Grand Prix Circuit, it is Denis Klopper. In this book, you relive the heritage of not only the circuit but also the rich motorsport history we have in South Africa. The book, edited by motoring media legend Roger Houghton, not only covers the history of the great drivers and riders who raced at Kyalami but also pays tribute to the commitment of the marshals, commentators, medical staff and other officials who made Kyalami such an international success. This is a 'must have' book for any lover of Kyalami as well as South African motorsport."*
**- Roger McCleery**

*"I recently had the pleasure of paging through the final pre-print version of Denis Klopper's book covering 60 Years of Kyalami Memories. What a fantastic tribute to South African Motorsport. The content of the in-depth history is amazing. The publication is an absolute must for any enthusiast, of both the circuit, as well as South African motorsport. Hats off to Denis and his team."*
**- Ian Schofield**

***Kyalami Grand Prix Circuit - 60 Years of Memories***
Author and Publisher - Denis Klopper / SA Motorsport Memories
Editor - Roger Houghton
Graphic Design and Layout – Chris Dawson - Cinnamon Graphix
Foreword - Toby Venter
Research Assistant and Archive – Antoinette Marais
Format – 300mm x 300mm / 500 pages / Over 1500 colour and black and white images.
Collector's Edition – 62 Copies (Sold Out)
Publisher's Edition – 200 Copies (Sold Out)
Standard Edition – 500 Copies (Still available)

***Orders***
To place an order for the Standard Edition of the book or contact Denis Klopper at denis@motorsportmemories.co.za

OUMOTORKLUB · OLD MOTOR CLUB · PRETORIA












## FOR SALE & WANTED

The following cars, parts, odds and ends etc. are listed in our monthly magazine. The purpose of this page is for the advertisement of items by private individuals and not for businesses/dealers. If you are interested in something, please contact the person directly. The POMC do not take any responsibility of sale/wanted goods.

### TE KOOP



Nuutgeboude Beach Buggy – registrasiepapiere in orde. Motor is in Albertinia

Prys R55 000

Kontak Stephan vir meer inligting 0716834646

## TE KOOP



1928 Ford Model A Roadster in goeie toestand– registrasiepapiere in orde.

Motor is in Albertinia, Prys R400 000 - Kontak Stephan vir meer inligting 0716834646



1935 Ford V8 in goeie toestand– registrasiepapiere in orde. Motor is in Albertinia Prys R300 000

Kontak Stephan vir meer inligting - 0716834646



1928 Ford Model A 4 deur Phaeton in goeie toestand– registrasiepapiere in orde.

Motor is in Albertinia    Prys R475 000    Kontak Stephan vir meer inligting        0716834646



1936 Ford Phaeton V8 Tourer in goeie toestand– registrasiepapiere in orde.  Motor is in Albertinia

Prys R475 000   Kontak Stephan vir meer inligting       0716834646



1927 CHEVROLET Roadster in goeie toestand– registrasiepapiere in orde. Motor is in Albertinia

Prys R475 000 Kontak Stephan vir meer inligting 0716834646




1931 Ford Model A Roadster in goeie toestand– registrasiepapiere in orde. Motor is in Albertinia

Prys R475 000 Kontak Stephan vir meer inligting 0716834646


**FOR SALE**




## TE KOOP

Mercedes, R280K of naaste aanbod. Sal met papiere wees. Kontak – Nadine (FRIK 082 4442954)





WERBA MOTORS
BUS/BOX 257
LOUIS TRICHARDT

Typ / Type / Type / Type / Typ / Tyyppi: 280 SEA.

Besitzer / Owner / Eigenaar / Ejerens Navn / Agare / Omistaja: L. A. J. Brits.

Ort / Address / Woonplaats / By / Postadress / Paikkakunta: Jutland, Messina

Straße / Street / Straat / Gade / Adress / Katuosoite: Bus AS, Messina.

Motor-Öl / Engine oil / Motorolie / Motorolie / Motorolja / Moottoriöljy: G.T.S.

Polizei-Nr. / License No. / Kenteken / Politi nr. / Registreringsnummer / Rekisteri-n:o: TAR 2840

Fahrgestell-Nr. / Chassis No. / Chassisnummer / Chassis nr. / Chassinr / Alusta-n:o: 108.018 / 62/071425

Motor-Nr. / Engine No. / Motornummer / Motor nr. / Motornr. / Moottori-n:o: 130.980 / 22.054564.

geliefert am / Date of delivery / Afgeleverd op / Leveringsdato / Leveransdatum / Toimitus-pvm: 5-7-71

zugelassen am / Date of registration / Datum ingebruikstelling / Indregistreret den / Registreringsdatum / Rekisteröinti-pvm: 5-7-71.





OUMOTORKLUB • OLD MOTOR CLUB • PRETORIA

**TE KOOP**






Riley - Ockert tel 0718877602 Tzaneen

## FOR SALE:

1968 MGB GT coupe    Contact: 0720474612

Looking at about the 120 k mark










## TE KOOP








Die eienaar van die 1967 Bentley is   Jose Coelho 083 2550 598

## OP SOEK:

Ek is op soek na ‘n paar CAR tydskrifte wat kort in my versameling.  Kan jy kyk of jy miskien van hierdie opgawes het om te ruil? Kontak Daantjie Badenhorst – Sel : 072 454 3350.

1962: Januarie, Maart tot Desember

1963- Januarie, Februarie, April, Mei, Junie, Julie, September, Oktober, Desember
1964: Januarie, Maart, April, Junie, Julie, September, Oktober, Desember
1965: Januarie, Februarie, Maart, Mei, September
1970: Januarie, Maart, April, Junie, Julie, September, Oktober, Desember
1971: November   1972: November   1973: April, Julie, September

1975: Januarie, Oktober   1977: April, Junie, Julie, September, November
1979: Oktober  1982: Maart, April, Junie,
1983: Maart, April, Mei, Julie, Augustus, September, Oktober, Desember
1991: Junie       2008: Julie       2009: Februarie

## Verjaarsdae/Birthdays

On behalf of all the POMC members, we would like to wish the following people a happy birthday. May this year bring with it all the success and fulfillment your heart desires.

*(Indien u naam nie hier verskyn nie kontak Taco dat databasis bygewerk kan word.)*




| | | |
|---|---|---|
| 4 Okt | Veronica | van Rooyen |
| 8 Okt | Dane | Fraser |
| 11 Okt | Annette | Thomas |
| 12 Okt | Merwyn | Wolder |
| 13 Okt | Douw | Steyn |
| 18 Okt | Corrie | Kleingeld |
| 18 Okt | Robert | Dadford |
| 20 Okt | Marelize | Stokhof |
| 22 Okt | Gloria | Bouwer |
| 25 okt | Annalida | Groenewald |
| 26 Okt | Louis | Pretorius |
| 29 Okt | Graham | Blackbeard |
| 29 Okt | Riekie | Barnard |

# MEMBERSHIP FEES:

Although the 2021 year were challenging for the club, not being able to present the "CARS IN THE PARK" for the second year, and numerous club events been cancelled, the committee urge members to contribute their membership fees.

**SEPTEMBER 2022 – AUGUSTUS 2023.**

You can deposit your membership fees into the POMC bank account:
Account name: POMC
Bank: Nedbank
Acc no: 1603 0550 96
**Reference: Name and Surname**

Thank you for the members that already paid their membership fees. It is important for members to pay their yearly subscription fee as according to the SAVVA regulations, - only paid-up members are allowed to participate in Club events.

IF IN DOUBT CONTACT-Taco Kamstra: 082 779 8800 tacokamstra@gmail.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Membership Dues – Ledegelde**<br>Ordinary Member:<br>Country Member | R450 (most of us)<br><br>R225 | Student / Scholar: | R150 |
| Half Year: Ordinary member | R225 | Country Member: | R112 |
| Entry Fee: | R200 | | |

**Any new Student or Scholar member need not pay the Entry Fee.**
**Any new Ordinary or Country member needs to add the Entry Fee to the initial payment.**
**Annual subscription is from 01 September to 31 August.**

# REGALIA

A great opportunity to buy POMC gifts! You can order your Regalia with **Hendrik Byleveld 079 912 4145**

**NEW SHIRTS FOR THE LADIES!!**

**Please support the Regalia and use the opportunity to buy the ladies their gift!**



**R400 sleeveless**



**R400 sleeves**




POMC – Lap embroid badge:
Groot – R30, Klein – R20




CIP – Lap Embroid badge:
Groot – R30, Klein – R20



POMC – Motor wapen
R90




POMC – Hout sleutelring
R25



POMC: Staal sleutelring
R25



POMC – Horlosie
R250



POMC – Swart pet
R100



POMC: Swart Beanie
R80



POMC – Geel koffiebeker
R30



POMC – Swart & Geel Lounge
R200



POMC: Wit Lounge
R200



POMC – Swart Lounge
R200



POMC – Swart Serp
R40



POMC – Voorskoot
R150



CIP – Assorted
Volwasse: R120  Kinders: R80

OUMOTORKLUB • OLD MOTOR CLUB • PRETORIA

Competitive Pricing | Largest Product Offering

Daily Delivery | Cutting Service | 23 Branches



## MAIZEY'S SUPPLIER OF THE FOLLOWING PRODUCT RANGES:

Signage Materials & Substrates

Large Format Digital Print Media

POP Solutions - Banner Stands/Frames

Aluminium Sign Systems

LED's for Signage & Displays

Engineering and Industrial Plastics

Rod / Sheet / Tube / Machined Parts

086 1100 420

nat.sales@maizey.co.za

www.maizey.co.za

SIGNAGE MATERIALS & SUPPLIES
maizey
ENGINEERING PLASTIC PRODUCTS